HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

`10 Maart 2023

GRAADKAMPE IN 2023 (Graad 8 en 9)

Beste Ouers/Voogde

Die kwartaal is volstoom aan die gang en die graadkampe kom al nader. Ons sien baie uit na hierdie verrykingsgeleentheid vir ons leerders en daar is ’n paar belangrike reëlings wat nou getref moet word.

Die koste per leerder beloop **R600** en verskeie betaalopsies is al vanaf 2022 op Karri gelaai. U kan ’n eenmalige betaling maak of kleiner betalings oor die laaste paar maande gemaak het. Alle betalings moet asseblief teen Maandag, 20 Maart 2023 gefinaliseer wees. Indien u probleme ervaar met die betalingsopsies, kontak asseblief u betrokke graadhoofde.

Graad 8 & 9:

Datum:	30 – 31 Maart 2023
Vertrek:	7:00 (Donderdagoggend)
Terug by skool:	10:30 (Vrydag)
Koste:	R 600 (dit sluit nie vervoer in nie)
Plek:	Taaibosch, Phisantekraalplaas, Durbanville (Hier is twee kampterreine – een vir elke graad.)

Die volgende onderwysers sal die grade vergesel:

Graad 8
1. Me. A Nimmo
2. Mnr. W. Kastoor
3. Mnr. A. Potgieter
4. Me. E van Rensburg
5. Me. A Visser

Graad 9
1. Me. S. Meyer
2. Mnr. H. Klink
3. Me. J. Lotriet
4. Me. C. Reineke
5. Me. S. Taljaard
6. Mnr. W. Cronje

Aangeheg vind die volgende dokumente en afskeurstrokies:

- Toestemming vir leerder om kamp by te woon
- Vrywaringsvorms (WKOD & True North)
- Mediese inligting

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
WEES JOUSELF
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

- Vervoeropsies wat u kind gaan gebruik
- 'n Lys van alles wat u kind moet inpak

Vul asseblief die aangehegte vorms in en stuur dit teen Woensdag, 15 Maart 2023, terug skool toe saam met u kind.

Vriendelike groete

Pieter Rademeyer *Skoolhoof*	Annelie Nimmo *Gr. 8 Graadhoof*	Sonet Meyer *Gr. 9 Graadhoof*

BYWONINGS TOESTEMMING

Ek, _____ouer/voog van_____

in graad _____ erken ontvangs van die brief in verband met die graadkampe (30 – 31 Maart 2023). Ek gee hiermee toestemming dat my kind…

❑ …die graadkamp GAAN bywoon.

❑ …NIE die graadkamp kan bywoon NIE. Geldige verskoning moet per skrywe of e-pos aan die graadhoof gerig word.

Indien u toestemming gegee het dat u kind die graadkamp mag bywoon, dui asseblief enige spesiale dieetbehoeftes / kos allergie aan waarvan ons bewus moet wees.

_____

_____

_____

Ouer / Voog se handtekening: _____ Datum: _____

Indien u kind die kamp gaan bywoon voltooi asseblief nou die ander vorms ook.

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
— WEES JOUSELF —
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

VERVOERREëLINGS

Die onkoste vir busvervoer is nie deel van die R600-kampfooi nie. Die skool gaan die buskoste subsideer en wil kostes so laag moontlik hou. Ons moedig ouers / voogde aan om leerders ook self na die onderskeie kampterreine te vervoer en weer te gaan haal.



Taaibosch is ongeveer 36km vanaf die skool (eenrigting).

Leerders wat van ons daaglikse busroetes gebruik maak, sal Donderdagoggend skool toe kom en dan na hul onderskeie kampterreine vertrek. Dit geld ook vir Vrydag se terugkeer. Hul kom eers skool toe en vertrek dan van daar op hul eie onderskeie busroetes.

Ek _____ouer/voog van _____

in graad _____ se kind gaan van die volgende vervoer vir my kind gebruik maak:

- ☐ Ry saam met ouer / voog na die kampterrein en terug.
- ☐ Ry met saamrygeleentheid na die kampterrein en terug. Meld asb. saam met wie die saamrygeleentheid is: _____
- ☐ Ry met skoolvervoer na die kampterrein en terug.
- ☐ Ry met skoolvervoer na die kampterrein en saam met ouers terug.

Ouer / Voog se handtekening: _____ Datum: _____

HOËRSKOOL JAN VAN RIEBEECK
WEES JOUSELF
Kloofstraat 129, Tuine, Kaapstad | Tel: +27 21 423 6347 | Faks: +27 21 424 5520

<u>Die volgende lys is slegs 'n aanduiding van wat leerders alles moet inpak.</u>

(MERK alle items duidelik met die leerder se naam / voorletters en van.)

Algemeen:

- Gemaklike klere (verkieslik ouer klere wat moontlik kan vuil word)
- Swembroek & handdoek x1
- Slaapklere
- Reënbaadjie / warmbaadjie
- Tekkies en sokkies (gemaklik vir stap en klim wat kan nat word)
- Flits / kopliggie
- Sakgeld

Beddegoed:

- Paslaken
- Slaapsak / duvet
- Kussing

Toiletware:

- Seep en sjampoe
- Tandeborsel
- Handdoek
- Muskietafweerder
- Sonskerm
- Enige ander noodsaaklike roompies en middels
- Medikasie

Eetgerei in 'n sakkie:

- Nie-breekbare bord
- Beker en papbakkie
- Mes, vurk, tee- en eetlepel
- Jammerlappie en / sponsie en afdrooglap

Potloodsakkie:

- HB-potlood / pen
- Uitveër
- Kleurpotlode
- Klein notaboekie

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir die verlies of beskadiging van enige eiendom nie. Leerders moet alle eletronika by die huis los en ouers sal deur die onderskeie graadgroepe vanaf die skool se Whatsapp-gemeenskappe op hoogte gehou word van enige belangrike inligting.